EIGEVIS

EIGEVIS

Eigelaars vier 50 jaar van sukses met styl!

AJF Eigelaar & seuns (Edms) Bpk vier hierdie jaar trots hul vyftigste bestaansjaar. Hierdie maatskappy het 'n karaktervolle en eg Weskus geskiedenis. Dit is die verhaal van stigter Andries Eigelaar wat in swaar tye visie gehad het en 'n kans gewaag het, en van sy kinders wat saamgestaan het om diØ droom te verwesenlik.

Andr Eigelaar, voorsitter van die Eigelaar Groep.

Lees meer oor die trotse geskiedenis van di groep op die volgende blad...

AndrØ Eigelaar (Snr), voorsitter van die groep, vertel meer oor die Eigelaars se geskiedenis en hoop vir die toekoms:

Met die viering van hierdie mylpaal het ek die voorreg gehad om meeste van die werknemers se hande persoonlik te skud. Ek het net weereens besef hoe belangrik elke werknemer vir die maatskappy is. Ons bedank elke werknemer en dink aan diØ wat afgesterf het terwyl hul in ons diens was.

Wie is die Eigelaars? Dwarskerbossers, Laaiplekkers.'n Familie wat op Dwarskersbos grootgeword het en swaargekry het soos almal destyds, maar deur saam-staan kon hulle iets bymekaarmaak vir hulle en hul gesinne en terugploeg in die gemeenskap. Hulle het na Laaiplek verhuis en huis opgesit by Hangbos waar ons vandag nog besigheid doen.

My oupa het soutvis gesmous tussen die boere en dit is hoe hulle begin het. Hy het later 'n maatskappy gestig op 14 Maart 1958 en die eerste vergadering was in April. Ongelukkig is my Oupa ongeveer 'n jaar na die stigting dood.

Toe het iets gebeur wat in min families sal gebeur. Die kinders het besluit om die boedel nie uit te keer nie, maar om die maatskappy uit te bou.

Hulle het absoluut vir mekaar en die familie gewerk.Wanneer hulle iets wou koop het hulle bymekaargekom en vir mekaar gesŒ hoeveel elkeen moet vang om dit te kan betaal. Altyd kontant gewerk. Dit is hoe Vredenburg Kelders en Hoedjiesbaai Hotel gekoop is. Die res het later gevolg. Die eerste grond wat hulle gekoop het was Sandboskraal. Hulle het fisies op die grond gaan loop om seker te maak dit is hulle grond.

Al die broers was vissermanne, so ek haal graag 'n paar hoogtepunte uit die visbedrywighede aan: 1964 het ons saam met Paternoster Visserye begin werk en ons aandeelhouding uitgebrei saam met die Marais en Pienaar-familie om die meerderheid aandele te besit.

Later het Paternoster Visserye aandele in West Point verkry wat ons nog groter toegang tot die visbedryf gegee het. Vandag is ons saam met hulle in die kreef en perlemoenbedryf. Huidiglik is ons besig om visvang belange in Angola te vestig.

Met die deurwerk van die notules kan jy agterkom dat deur die afgelope 50 jaar se besluite het alles omtrent dieselfde prosedure gevolg. Soos Fanie Gresse, ons afgetrede sekretaris, sou sŒ – hoe meer dinge verander hoe meer bly dit dieselfde. Ons is 'n maatskappy wat glo in langtermyn samewerking.

So is ons nog steeds by dieselfde vismaatskappy. Ons het begin by John Ovenstone, na al die jare is hulle nou Premier Fishing met nuwe bestuur. Ons kom reeds 'n paar jaar saam en ek glo ons sal nog lank 'n pad stap. Ons is ook steeds by dieselfde bank.

Ek kan eerlik sŒ dat my familie nie rasse en klasse in hulle lewe gesien het nie. Ongelukkig was ons almal gedwing om apart te leef en te werk, die see het egter sy eie re"ls gehad – 'n goeie verhouding met almal het daar bly voortduur.

Dit is met trots dat ek kan sŒ dat ons saam met ons vennote by Paternoster Visserye die eerste personeel trust gestig het in die visbedryf. Later jare het dit natuurlik mode geword om jou maatskappy so te bemagtig. Ons was eintlik bemagtig voordat ons die woord verstaan het.

Ons het natuurlik ook saam met almal deur die nuwe Suid-Afrika gegaan en kan sŒ dat ons definitief vandag beter af is, veral met kwotas, as voorheen.

Op die oomblik staan ons voor groot uitdagings vir die familie en die maatskappy. Al die stigters van die groep, behalwe een, is nie meer op ons direksie nie.

Ons het nou 'n splinternuwe direksie vir die eerste keer. Die volgende geslag, ek hoop, sal ook soos ons familie saamstaan en nie sommer geld uitkeer in ons eie sakke nie.

Ek moet sŒ my geslag het gemaklik grootgeword, maar nie oordadig nie. Ons sal vir die volgende geslag moet wys van watter stoffasie ons gemaak is en die maatskappy getrou aan die tradisie moet vorentoe neem. Dankie aan almal wat gehelp het met die feesvierings se re"lings.

Ten slotte wil ek graag hulde bring aan my ouma en oupa. Ek dink hulle sou vandag trots gewees het op hulle kinders. Ek dink ook aan my ooms en tannies wat nie die week hier kon wees weens omstandighede buite hulle beheer. Ek belowe hulle sou hierdie week en die gemeenskap se geselskap en jolligheid baie geniet het.

Week van pret vir familie, vriende en plaaslike gemeenskap

Grootste bate: Op7.8 en 9 April is die werknemers van die maatskappy vereer vir lojale diens en hul bydrae tot die sukses van die afgelope 50 jaar. "Ek het weereens besef hoe belangrik elke individu is," het Andr Eigelaar ges.

Seniors saam stout: Die plaaslike gemeenskap het gedeel in die feesvierings. Donderdag 10 April is 'n oggendtee aangebied in Velddrif se stadsaal vir die senior burgers van Aan Oewer Dienssentrum.

Familie kuier: Ooms, tantes, oumas, niggies en neefs – die Eigelaar-familie het saam gekuier. Saterdag 12 April is bootritte aan- gebied tussen die Laaiplek en Riviera Hotelle. Op Vrydag 11 April het die familie saam gebraai op Sandboskraal.

Groot jolyt: Ook op Saterdag 12 April het Fanie Velskoen die publiek vermaak tydens 'n visbraai by die Laaiplek Hotel. Die aand is 'n formele dinee gehou (sien foto's op die agterblad) en Sondag 13 April is verrigtinge afgesluit met 'n kerkdiens by die NG Kerk Laaiplek en 'n laaste braai vir die familie by die Riviera Hotel.

ANDRIES (stigter en eerste voorsitter) en sy vrou Anna Eigelaar. Hy het begin as 'n trekvisvanger op Dwarskersbos.

Later het hy Laaiplek toe verhuis en begin om vars- en soutvis te verkoop. Met sy eerste boot, die *Prins Edward*, het hy die pelagiese bedryf betree en gou opgang gemaak. Sy besigheid het vergroot en hy en sy seuns het later groter en beter bote gekoop.

Die meeste bote se name het geindig met veld, 'n voorstel van sy vrou. So was daar deur die jare name soos *Sandveld, Bosveld, Bokkeveld, Duineveld, Ruigteveld, Groenveld, Noorderveld, Langeveld, Ankoveld* en *Roseveld*.

Die verkoop van die sout- en varsvis het ook goed verloop en in 1958 besluit hy om eerder 'n maatskappy te begin.

1958

1959 Na die tragiese afsterwe van Andries Eigelaar neem Floors Eigelaar oor as Voorsitter van die Maatskappy. Die soutvisbedryf word uitgebrei en viswinkels in Wolseley, Moorreesburg en Vredendal volg.

1960

Die Hoedjiesbaai Hotel in Saldanha word gekoop.

1961 Daar word begin met die maak van Bokkom Biltong wat dan in sakkies verpak word. Dit word vandag nog verkoop. Vandag word ook Snoek Biltong in vakuum verpakking verkoop.

1962 *Groenveld II* word gebou, 69 voet lank, een van die grootstes aan die Weskus in haar tyd. Eerste boot met 'n kragblok. Koelkamers word gebou wat tot 200 ton vis kan stoor. Vredenburg Kelders word gekoop vir die verspreiding van drank op grootmaat aan die Weskus.

1963

Laaiplek Handelshuis word begin.

1964 n Vennootskap word gestig: Eigelaars Belange in Luderitz om n boot, *Koakoveld II*, te kry om vis te vang in Namibi (toe nog Suidwes-Afrika). Maak belegging in Paternoster Visserye – n maatskappy wat veral konsentreer om kreef uit te voer.

1966 *Eigeveld* word gebou en is vandag nog deel van die vloot.

1967 Plaasgrond word aangeskaf in die gebied tussen Velddrif en Piketberg, vandag bekend as Sandboskraal. n Slaghuis-lisensie was ook verkry.

1969

Saam met die fabriekboot, *Suiderkruis*, na Las Palmas Van die Eigelaar bote wat deel was van die *Suiderkruis* operasie in Las Palmas: *Roseveld, Brakenveld* en *Noorderveld*.

Die nuwe Hoedjiesbaai Hotel, die "hotel in die see", word voltooi.

1971 n Soortgelykte besigheid as Laaiplek Handelshuis word in Walvisbaai begin en staan bekend as: Eigelaars Marine Store.

1972

1973 *Brakenveld* loop op die rotse by Stompneusbaai.

1974 Laaiplek Handelshuis open n tak in Saldanha. Die tak staan bekend as die Eigelaars Marine Store.

1975 Eigevis handelsmerk word geregistreer. *(Lees Die Verhaal van Twee Vissies langsaan)*

1977 Laaiplek Handelshuis open n stoor in Kaapstad, later word dit n volwaardige tak. Die vrugte plaas, Achtervlei in Piketberg, word gekoop.

1978 Laaiplek Hotel en Riviera Hotel word gekoop

1979 Riviera Hotel Drankwinkel open op 6 April 1979.

1980 n Staalskuit die *Helga Skog* word gekoop en herdoop na *Langeveld III*.

1981

1983

1984

n Tweede staalboot, *Chacabuco III (Torsven)*, word gekoop en na Chili gestuur.



Die eerste Visbraai Restaurant, die Eigebraai, wat spesialiseer in seekos word by Laaiplek Hotel opgemaak.

Langeveld gaan na Chili om daar te gaan visvang.

Niggies en nefies van die vierdie geslag en verder kuier saam tydens die feesvieringe.

1989

1990

1998

1991

2001

1993

50ste bestaansjaar word gevier! 2008

Ondersoek word ingestel om in Angola te gaan visvang – *Coronella* kry n lisensie en vertrek vroeg in 2008 na Angola. **2007**

Skippershoek word ontwikkel, met die bekende *Roseveld, Eigeveld* en *Groenveld* as straatname. **2006**

2005

n Belang in n stokvis trailer, *De Giosa*, word verkry (vandag bekend as *Sandile*)

Atlantic Leader, die nuwe staalboot, vang sy eerste vis. **2004**

SABS keur die Eigevis etiket vir ingemaakte Sardyn goed. **2003**

Daar word besluit om 10 chalets by Riviera Hotel te bou **2002**

2004

Daar word besluit om Laaiplek Hotel op te knap. **2001**

Stegmill woonstelle word gekoop. **2000**

Na bykans 40 jaar word die hawe grond, waar die werkswinkel, fabrieke en hoofkantoor, is van die staat gekoop. **1999**

1998

Floors Eigelaar tree af en Andr Eigelaar neem oor as Voorsitter van die Groep. **1998**

Hoedjiesbaai Sentrum in Saldanha word gekoop. **1998**

Goedkeuring en die bou van n *jetty* vir Riviera Hotel. **1997**

Daar word begin met bouwerk. n Tweede (16 kamers) en n derde (restaurant) verdieping word bo op Hoedjiesbaai Hotel gebou. **1995**

Die Groep bou n nuwe Poskantoor vir Velddrif en Laaiplek. **1993**

n Staalboot, *Coronella*, om in Walvisbaai te vang word gekoop. **1992**

Eigevis Brandewyn word bekend gestel. **1991**

Saldanha Hotel Drankwinkel word gekoop. **1990**

1995

Ankoveld word gekoop. **1989**

1986

Eigewoon Woonstelle (6 eenhede) word gebou in Velddrif.

1985

Die maatskappy kry n stokvis kwota. In die begin vang en verwerk Sea Harvest die kwota. Later word die fabriek in Laaiplek SABS goedgekeur en stokvis word onder die Eigevis merk bemark en verkoop.

2002

EIGEVIS

Die Verhaal van Twee Vissies

ONGEVEER 1975 het ene Hoffman, tot daardie tydstip fabricksbestuurder van APPELDOORN, 'n klein onderneming by name ULTIMATEX op die been gebring vir die vervaardiging van, onder andere, nylon tou. (Flat Braided).

Omrede die firma (AJF) op daardie stadium noemenswaardige invoerders en bemarkers van die kommoditeit was, is ons deur Hoffman genader om sy produk te bemark onder die EIGEVIS handelsnaam.

Die ooreenkoms het vir beide partye suksesvol verloop. Na ongeveer 6 maande het Hoffman op 'n goeie dag by die kantoor opgedaag vir 'n algemene bespreking van sake, maar meer spesifiek, die bevordering van die verkope van sy produk.

Hy het gemeld dat 'n kunstige vriend of vriendin van hom rondgespeel het met die woord EIGEVIS, en die resultaat, kompleet in rooi en met 2 vissies soos hy vandag nog bestaan, aan oom Floors en Fanie Gresse (sekretaris 1973 tot 2003) voorgel met die voorstel dat ons hierdie embleem as handelsmerk koppel aan die bestaande EIGEVIS handelsnaam.

Die voorstel is sondermeer aanvaar en nie lank daarna nie deur prokureur Cedric Hofmeyer as handelsmerk in naam van die maatskappy registreer.

'n Unieke handelsmerk (embleem) het op hierdie wyse ongevraagd, sonder enige inisiatiewe of insette van enige aard, gratis en verniet in die maatskappy se skoot geval.

SAAMGESTEL DEUR WESKUS MEDIA ONDER REDAKSIE VAN CORNELI SCHUMANN. ADVERTENSIEHOOF: STEFAN KOLVER; ADVERTENSIEVERTEENWOORDIGER: CHRISTO MOMSEN; GRAFIESE VERSORGING: JACQUES ENGELBRECHT. TEL: 022 713 1251

‘n Aand om te onthou!

SATERDAG 12 April is die Eigelaar Groep se 50ste bestaansjaar met ‘n glans-dineé by die Velddrif stadsaal gevier. Dit was ‘n gesellige byeenkoms van familie en vriende met Danie Niehaus as gaskunstenaar.

Herna en Gerhard Wiese, Andr Eigelaar, Retha van Niekerk en Alan Silverman.

Ds Dion en Marna van Dyk.

Marcella en Kevin Patel.

Marana en Chris Metlerkamp.

Jurgen Fritszche en vriendin.

Die aand was ook ‘n reünie met meer as 140 Eigelaars en hulle gesinne teenwoordig. Heel bo is Aletta Eigelaar en gesin. In die middel is James Eigelaar se gesin en onder is Albert Eigelaar se kinders met Annabelle en Ruark Smith. Regs is Annaretha Smit, Tessie Eigelaar en Rita Gresse.

Anton en Reinette Tallie (bo), Piet en Chrisna van Zyl (bo regs). Johan en Duifie Eigelaar (regs) klap hande vir die niggies se vertoning.

Die niggies: Van links is Alrika Besler, Annatjie en Anja Jacobs, Hilda van Wyk (agter) en Helga Theron, Helene Eigelaar en Annabelle Smith, Edna Marx, Belinda Morkel en Nicky Eigelaar.